**21 | INDIË** Prys God dat Geopende Deure se plaaslike vennote in staat is om regshulp te bied aan gelowiges wanneer hulle valslik beskuldig of gearresteer word. Bid dat God sal aanhou om Geopende Deure se vennote te gebruik om diegene te bereik wat dit die meeste benodig.

**22 | VIËTNAM** Toe Anh* vroeër die jaar deur plaaslike owerhede vervolg is, was sy in staat om met kalmte, waagmoed en vriendelikheid te reageer, te danke aan die opleiding wat haar voorberei het op vervolging. Bid dat sy sal bly vasstaan in haar geloof ten spyte van die baie uitdagings.

**23 | LIBANON** In Libanon is daar verskeie stede en dorpies waar die vlugteling baie meer is as die plaaslike inwoners. Alhoewel die plaaslike mense en vlugtelinge in relatiewe vrede saam leef, kan hierdie situasie spanning veroorsaak. Bid dat die Kerk ŉ sleutelrol sal speel om die vrede en hoop te bewaar te midde van dié situasie.

**24 | SAOEDI-ARABIË** ŉ Christenbroer is al vir baie jare in die tronk in Saoedi. Bid dat God hom fisiek en geestelik sal bewaar. Fisiek, omdat daar onder die gevangenes baie teistering en mishandeling op grond van rangorde is. Geestelik, namate die tekort aan hoop, tesame met ŉ omgewing van goddeloosheid, hom onderkry.



**25 | JEMEN** Christenkinders in Jemen het nie toegang tot Bybel-storieboeke soos in die Weste nie. Bid dat God wysheid aan Jemeense ouers sal gee om hul kinders stories uit die Bybel te vertel en te leer sodat hulle in die geloof kan groei.

**26 | ARABIESE SKIEREILAND** Bid vir die gemeenskap van Christene in die streek om toegewyd te wees aan vas en gebed, asook om gereeld bymekaar te kom vir samesyn. Bid dat hulle mekaar sal bemoedig met hoe God hulle help en hul gebede beantwoord.

**27** Bid dat geïsoleerde Christene nie ontmoedig sal word nie en by ander Christene sal aansluit aanlyn en deur die media. Mag hulle geleenthede vind om met mekaar kontak te maak en van mekaar te leer.

**28 | IRAK** Dit is ŉ lang tyd sedert Irakiërs ŉ tyd van rus en vrede kon geniet. Terwyl herbouing in die land begin het, bid dat gelowiges hoop en moed sal vind om in die land te bly en ŉ lig vir Christus in hul gemeenskappe te wees.

**29 | SIRIË** As ŉ resultaat van jare se oorlog, woon baie kinders in die groot stede in Sirië op straat. Dink asseblief aan hulle en bid vir hulle om ŉ tuiste te vind en ŉ familie wat hulle sal liefhê na jare van verwaarlosing.

**30 | IRAN** Die ekonomiese omstandighede in Iran maak dit vir baie Christene moeilik om in hul basiese behoeftes te voldoen. En sake is erger gemaak deur ŉ vloed in die land vroeër vanjaar. Bid vir die duisende wat deur die katastrofiese vloede geaffekteer is.

**31 | GEOPENDE DEURE** Ons, by Geopende Deure, prys die Here dat Hy ons in staat stel om gelowiges by te staan deur opleiding en op verskeie ander maniere sodat hulle sterk kan staan te midde van vervolging. Bid dat God vir ons sal onderneem sodat ons selfs meer gelowiges in geslote lande kan bystaan hierdie jaar.

*Name verander en verteenwoordige foto's gebruik vir sekuriteitsredes.


Geopende Deure
Diens aan vervolgde **Christene** wêreldwyd

Open Doors South Africa

Posbus 1771, Cresta, 2118
T +27 11 888 9341
E southafrica@od.org
I www.opendoors.org.za


Geopende Deure
Diens aan vervolgde **Christene** wêreldwyd

# GEBEDSKRYGERS FLITS

## GEBEDSKALENDER VIR VERVOLGDE CHRISTENE WÊRELDWYD



"Bid ook dat ons van verkeerde en slegte mense verlos word, want nie almal is gelowiges nie. Die Here is getrou; Hy sal julle versterk en julle van die Bose bewaar."– 2 Tessalonisense 3:2-3 (1983)

**Julie 2019**



**1 | LANDE OP DIE WÊRELDWAARNEMINGSLYS** Bid dat God die harte van leiers wat Christene vervolg sal verander. En bid dat in lande waar leiers toeskouers is van vervolging hulle braaf genoeg sal wees om hul mag te gebruik om alle geloofsminderhede van godsdiensvryheid te verseker.

**2 | GAMBIË** Na Yusupha* se ouers oorlede is, het sy Moslem-oom hom gedwing om sy ouers se kampong aan hom oor te dra. Daarna het hy vir Yusupha, sy vrou en twee kinders uitgeskop. Bid vir God se voorsiening vir dié familie.

**3 | IVOORKUS** Toe Guiéman* (28) ŉ Christen geword het, het sy familie hom verwerp en hy verduur steeds teenstand van hulle in ŉ poging om hom te kry om Christus te versaak. Bid vir God se beskerming oor Guiéman en dat Hy Guiéman se familie se harte sal verander.

**4 | NIGERIË** Baie Christene is vermoor of ontwortel deur die geweld van die Moslem Fulani-veewagters. Bid vir God se ingryping in hierdie gruwelike situasie en vir wysheid vir die internasionale gemeenskap in die gesprekke met die Nigeriese regering oor hierdie saak.

**5** Die Wes-Afrika State se hof van justisie het die Nigeriese regering beveel om die geweld wat in 2016 in die Middelbelt plaasgevind het, te ondersoek. Bid dat hierdie beslissing sal help om ŉ proses te begin wat ŉ einde sal bring aan die geweld in die Middelbelt.

**6 | ETHIOPIË** Geopende Deure het ŉ selfhelpgroep begin vir Abeba* (ŉ gelowige wat vanuit haar Moslem-huis moes vlug) en 14 ander jeugdiges sodat hulle saam ŉ besigheid kan begin om ŉ inkomste te verdien. Dank die Here vir die impak wat hierdie ondersteuning in hul lewens het. Mag hul lewens vir ander die weg na Christus wys.

**7 | NOORD-KOREA** Hannah*, ŉ gelowige van Noord-Korea, is steeds nie herenig met haar seun nie – hy was nie in staat om vanuit Noord-Korea te ontsnap nie. Sy vra vir ons volgehoue gebede vir hom. “Ek dank almal wat vir my seun bid. Ek glo dat ons gebede binnekort beantwoord sal word.”

**8** Prys die Here dat Geopende Deure se geheime netwerk in staat is om kos na Noord-Korea te smokkel te midde van die voortslepende voedseltekorte. Bid vir beskerming vir hierdie werk, en dat God in al die behoeftes van ons Noord-Koreaanse broers en susters sal voorsien.

**9 | SRI LANKA** Pastore wat in areas van swaar vervolging bedien is erg getraumatiseer deur bendes wat hulle gereeld beledig en met die dood dreig. Bid vir vrede en beskerming vir hierdie pastore, hulle families en kerke.

**10 | BHOETAN** Prys die Here vir Mev. Dolma* wat Jesus Christus as haar Verlosser aanvaar het. Sy is ŉ eggenote en ma, en die enigste gelowige in haar familie. Bid dat haar geloof sal groei en dat sy in die Here versterk sal word.

**11 | MIANMAR** Die jeug in Mianmar ly onder dwelm- en alkoholverslawing. Vennote van Geopende Deure voorsien jeugopleiding om hulle te help om die gevolge van dwelm-misbruik te verstaan en hoe om dit te vermy. Bid dat die Here hierdie opleiding sal seën sodat dit tot die behoeftes van die jeug in Mianmar sal spreek.

**12 | MALEISIË** Die wet in Maleisië verbied Maleise Moslems om Islam te verlaat, en ander godsdiensgroepe om hul geloof onder hulle te bevorder. Bid vir geleenthede waar Moslems en Christene gedagtes oor geestelike sake kan uitruil wat Christene sal toelaat om die Evangelie openlik te deel sonder om die wet te oortree.

**13 | MALEDIVE** “Daar is geen hoop vir my land tensy die Bybel vertaal word nie,” het ŉ gelowige gesê. Bid vir die hele Bybel om vertaal te word in die inheemse taal sodat geheime gelowiges in hul geloof kan groei en lewende getuienis van God kan wees.

**14 | CHINA** Ade*, ŉ Gelowige vanuit ŉ Boeddhistiese Agtergrond, is deur sy ouers verbied om Jesus te volg omdat sy jonger broer studeer om ŉ Boeddhistiese priester te word. Hulle glo dat Ade se geloof die hele familie onder ŉ vloek plaas. Bid vir wysheid vir Ade om te weet hoe om Jesus te volg in hierdie moeilike situasie.

**15 | BANGLADESJ** Christene in Bangladesj stoei daagliks met vervolging. Die beste hulp wat ons kan bied is opleiding om hulle te help om te reageer met ŉ Christus-houding. Bid dat gelowiges aangespoor sal word deur hierdie opleiding om vervolging te kan weerstaan.

**16 | LAOS** Anya*, ŉ pastoor en gesondheidsorg-vrywilliger, gebruik sy werk as vrywilliger om die Evangelie te deel met die wie hy behandel, en hierdeur sien sy gemeenskap wonderbaarlike genesing wanneer hulle tot Jesus bid. Bid dat Anya en die ander Christen-vrywilligers sal aanhou om die liefde van Jesus met die om hulle te deel.

**17 | BROENEI** In Broenei moet alle studente, ongeag hul geloof, Islam studeer. Dit het ŉ baie groot uitdaging vir jong gelowiges geraak. Bid dat jeugkampe, wat poog om hulle te help om sterk in hul geloof te staan, ŉ kragtige impak op hul lewens sal hê.

**18** Sedert April lewe die inwoners van Broenei onder die volle implementering van sjaria-wetgewing, wat voorsiening maak vir strawwe soos steniging vir egbreuk en amputering vir diefstal. Bid vir krag vir die mense van Broenei, insluitend Christene, wat aan dié wetgewing onderworpe is.

**19 | INDONESIË** Verlede maand het Geopende Deure se veldwerkers ŉ wegbreek gehad om mekaar beter te leer ken en te versterk. Bid dat die geestelike en emosionele opbouing wat hulle by die wegbreek ontvang het, sal aanhou om hulle in hul werk te versterk.



**20 | SUIDELIKE FILIPPYNE** Vroeër die jaar het Cita* ŉ Christen geword. Sy vertel dat dit soms steeds voel asof haar man nie haar bekering goedkeur nie. Bid vir Cita se man en familie om ook tot geloof in Jesus te kom.